

I 2.12 Vol 243p 12920-12984

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-06-24

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 243

ISMAIL AYOB & ASSOCIATES

COPY

FOR YOUR INFORMATION

(Bladsye 12 920 - 12 984.)

HOF HERVAT OP 24 JUNIE 1987.

TEBOGO GEOFFREY MOSELANE, bevestig verder

MNR. JACOBS : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mnr. Moselane, ons het gister gekom by dat jy daardie protesvergadering bygewoon het in Khotso House wat gehou was deur UDF en AZASO.
-- Ja.

Ek wil dit net aan jou stel op hierdie platform het verteenwoordigers van UDF en verteenwoordigers van AZAPO op h gemeenskaplike platform saam opgetree? -- Ek weet nie. (10)
Al wat ek vir die Hof kan sê is dat beide amptenare van die twee organisasies op die verhoog was. Of hulle nou daar was met die samewerking van albei, kan ek nie sê nie.

Is dit reg dat Oupa Monareng van SOYCO was h spreker op hierdie vergadering? -- Van die sprekers daar is nie aan my bekend nie. Daar was van hulle wat wel aan my bekend was. Wat ek wel kan sê is, daar was mense gewees wat gepraat het, maar wie hulle is, kan ek nie sê nie.

En Munthu Myeza van AZAPO was daar h spreker? -- Ek is daarvan bewus dat hy h lid is van AZAPO. (20)

En dat hy h spreker was? -- Ja.

En beskuldigde nr. 19, Popo Molefe, van die UDF was h spreker op hierdie vergadering? -- Ja, ek weet daarvan.

Mnr. Gene Francis Bell was h spreker op hierdie vergadering? -- Ek is daarvan bewus dat h persoon met die naam van Francis Bell ook daar teenwoordig was. As ek reg is, die persoon is h predikant.

HOF : U het gister gemeld dat die vergadering se datum 29 Oktober 1983 is. Volgens my is hierdie vergadering se datum 3 November 1983. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Dit mag wees. Ek onthou daar was n fout. Ek het nie die korrekte een nie. Kan u presies onthou wanneer was die vergadering? -- Al wat ek kan onthou is dat die vergadering in die jaar 1983 was. Wat die presiese datum is, weet ek nie.

Kan u onthou dat eerwaarde Frank Chikane van UDF daar n toespraak gelewer het? -- Ja.

En dat Herbert Barnabas van SAAWU die vergadering toegesprek het? -- Ek ken nie daardie persoon nie.

En Tigo Moseneke van AZASO, het hy die vergadering (10) toegesprek? -- Ek ken hom nie.

En Sipho Radebe van CUSA dat hy die vergadering toegesprek het? -- Ek ken nie daardie persoon nie.

Brendon Barry van NUSAS, kan jy hom onthou? -- Ek ken hom nie.

Hoe het dit gekom dat jy die vergadering bygewoon het? -- Ons kerk se kantore is in daardie gebou. So, ek het my vrou soontoe geneem vir doeleindes van die Mothers Union se doen en late. Ek het haar daar gelaat en ek is toe iewers heen. Met my terugkoms om haar op te tel, het ek gevind (20) dat sy nie daar is nie. Ek het toe verneem dat daar n biduur gehou is waar mense vergader en toe gedink dat ek haar daar sal kan kry. Dit is onder daardie omstandighede dat ek myself daar by die vergadering gevind het.

HOF : Is dit die biduur waarvan u praat? -- Ja. Ek is toe op soek na haar in hierdie saal in soos mense nou daar ingegaan het met die oog daarop dat sy miskien daar opdaag, maar sy het nie daar opgedaag nie. Eers na die biduur klaar was het ek teruggekeer na die voertuig toe. Met my aankoms by die voertuig het ek haar by die voertuig gevind. (30)

MNR. JACOBS : Toe jy, soos jy dit noem, by die biduur kom en jou vrou nie daar is nie, het jy toe nie verder gaan soek na haar nie? -- Ek sê waar ek haar gaan soek het, was die kantoor toe gewees. Dit wil sê daar was nou niemand gewees daar nie. Ek het dus nie geweet waarheen sy is nie.

En sal u saamstem hierdie was toe nie h biduur nie, maar daar is geen gebede gedoen daar nie? -- Ek kan nie daarmee saamstem nie, want met my aankoms daar was hierdie alreeds aan die gang gewees. Hulle was besig om voort te gaan met wat daar plaasgevind het. Ek sal dus nie vir die (10) Hof kan sê of hulle hierdie met h gebed geopen het of nie. Ek weet nie.

Maar h biduur, dan kry die mense mos die geleentheid om te bid vir ander mense of vir die mense wat dood is soos in hierdie geval. Is dit nie? Jy noem dit h biduur? -- Ek sê toe hierdie in aanvang geneem het, was ek nie teenwoordig nie. Dus is ek nie in staat om vir die Hof te sê hoe dit in aanvang geneem het nie. Met my aankoms daar, was daar h spreker gewees wat alreeds besig was met h toespraak. Dus sal ek nie kan sê nie, want ek was nie een van die (20) mense wat die voorbereidings gedoen het vir die hou van die biduur nie.

HOF : Wat u gesien het daar, sou u sê dit is h biduur? -- Ek is nie in staat om die vraag te antwoord nie, want soos ek sê, dit was al aan die gang gewees toe ek daar gekom het en ek weet nie hoe dit begin het nie.

Sou u sê dat wat u daar gesien het h biduur verteenwoordig, gesien en gehoor het? -- Ek sal sê nee. Ek was self verbaas gewees. Ek weet eintlik nie presies wat daar aan die gang was nie. Dus sal ek nie kan sê wat presies aan die gang (30)

was by hierdie byeenkoms nie.

Wie het gepraat toe u daar gekom het? -- Munthu was die spreker gewees. Munthu Myeza.

MNR. JACOBS : Is dit korrek dat daar was net politieke toesprake gemaak? -- Ja, ek sal sê ja, dit is so.

Sal jy saamstem daar is ook vryheidsliedere gesing daarso? -- Daar was 'n lied wat ek gehoor het wat daar gesing was. tussenin. Ek is nie in staat om vir die Hof te kan sê watter soort of waarom dit gegaan het nie.

Sal jy saamstem daar was ook slagspreuke aanhoudend (10) geskreeu "Amandla" en selfs Tambo, Oliver Tambo se naam? -- Ja, dit is reg.

Ek wil dit aan u stel dat u het gegaan as 'n ondersteuner van die Swartbewussynsgroep, die AZAPO groep na hierdie vergadering toe? -- Dit is nie die waarheid nie. Soos ek alreeds vroeër verduidelik het, Black Movement is nie 'n organisasie nie - Black Consciousness is nie 'n organisasie nie, maar dit is 'n beweging. Hoe kan 'n mens iets verteenwoordig wat nie 'n organisasie is nie?

Ek wil dit aan u stel dat in al die vergaderings wat (20) u hier oor getuig het wat in Augustusmaand en aan die begin van September by u kerk gehou was, was dit ook hoofsaaklik van die kant van die mense wat ondersteuners is van die Swartbewussynsbeweging? -- Dit is nie die waarheid nie, dit het nie so gebeur nie. Ek het alreeds hier vir die Hof gesê dat die vergaderings was eintlik belê as gevolg van die kerk se ondersteuning en die kerkraadsmense het ook hierdie vergaderings bygewoon.

En ek stel dit aan jou, die gassprekers wat jy genooi het na van die vergaderings, van die 19de en dan weer op (30)

die/...

die 2de, was erkende leiers wat aanhangers is van die Swartbewussynsbeweging? -- Ja, al is dit so, hierdie mense was daar gewees as gevolg van die uitnodiging deur my op sekere aspekte en dit is nie by al die vergaderings wat daar belê was dat ek sprekers genooi het nie. Dit is net ten opsigte van twee vergaderings waar ek gassprekers gehad het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net helderheid kry met wat jy bedoel met sekere aspekte. Is dit byvoorbeeld - bedoel u byvoorbeeld daarby dat u mnr. Kehla Mthembu genooi het op die 2de om te praat oor assurances? -- Ja. (10)

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr.2 wat ook 'n ondersteuner is van die Swartbewussynsbeweging en van AZAPO 'n prominente rol gespeel het op die vergaderings vanaf die 19de en tot en met 2 September? -- Dit is nie die waarheid nie. Hy het geen belangrike rol gespeel nie.

En ek wil dit aan u stel dat selfs op 2 September het hy sôveel sê daar gehad dat hy sommer kon reël op die 3de moes die mense by jou kerk bymekaar kom? -- Dit is nie die waarheid nie. Hy het nie daardie voorstel gemaak wat gedoen moet word nie. (20)

Ek stel dit vir jou hy kon dit doen omdat jy 'n lid van die komitee van AZAPO was in die Vaal? -- Dit is onwaar.

En dat hierdie vergaderings, reeks van vergaderings gehou was nie soos jy sê omdat die kerk dit gesê het nie, maar omdat julle dit besluit het en julle het dit gedoen, dat julle en AZAPO dit besluit het en julle het dit gedoen ook in samewerking met die ander organisasies in die Vaal? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het al vir die Hof vertel wat my posisie is, dat ek alleen rigting gegee word deur die kerk van my of wat die Bybel sê. (30)

Dan stel ek dit ook aan jou dat hierdie samewerking en hierdie doel van hierdie vergaderings was gewees om die mense in die Vaal, die bewoners daar, op te sweep teen die raadslede, wat uitgeloop het in die onluste wat begin het op 3 September 1984? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het geen deel by enige organisasie wat daar bestaan nie.

Kan u vir die Hof sê, wat dink u, hoe sê u, wat was die oorsaak van die onluste op die 3de?

MR BIZOS : Is the expression of an opinion permissible?

COURT : His state of mind is relevant. (10)

MR BIZOS : As to what he thinks about it?

COURT : Yes. I would not be bound by his opinion. -- Kan u daardie vraag verduidelik? Ek volg nie die vraag nie.

MNR. JACOBS : Ek vra vir jou wat sê jy was die oorsaak van die onluste wat begin het op die 3de? -- Ek weet nie, maar volgens my siening, my opinie, is dat dit was na aanleiding van die polisie wat die mense begin aanval het dat die onluste begin het.

Sal u saamstem die feit dat daar georganiseer was dat die mense almal op die 3de bymekaar moet wees in die hele (20) gebied, het bygedra tot die onluste en was 'n motief vir die onluste?

HOF : Dit is 'n baie swak vraag. Motief het niks met die prys van eiers te doen nie.

MNR. JACOBS : Het bygedra tot die onluste.

HOF : Wat u wil weet is of dit 'n bydraende faktor was, die feit dat mense op sekere punte saamgetrek is.

MNR. JACOBS : Dit is so. -- Ek weet nie wat die vraag is nie. Kan u die vraag vir my verduidelik?

Ek vra of dit ook bygedra het tot die onluste, dat (30)

die/...

die mense saamgetrek was op die 3de, skoolkinders, werkende mense en ander mense in die Vaal, in die woonbuurtes in die Vaal? -- Ek weet nie hoe u dit hier betrek nie, want ons het geen so 'n sametrekking van mense gehad nie.

Sal u saamstem met my dat die raadslede van die Vaal het voor die verhogings van die huur vergaderings gehou in die Vaal en probeer vasstel van die mense wat is hulle behoeftes? -- Ek het nie daardie kennis gehad nie.

U sal nie die getuienis van die raadslede wat hier getuig het dat dit wel die geval is, kan betwis nie? -- (10) U praat van vergaderings wat gehou was deur die raadslede. Ek het net te hore gekom van een vergadering. Dit is die vergadering wat beweer word gehou is op 5 Augustus en op daardie stadium was dit alreeds besluit dat die huur verhoog word. Dit was nie 'n kwessie van dat hulle nog van die gemeenskap wou verneem het oor iets alvorens die huur verhoog word nie.

U kan nie betwis dat voor die begroting het raadslede in hulle wyke vergaderings gehou om die behoeftes van die mense te probeer bepaal met die oog op die begroting nie? (20) -- Ek stem nie saam met dit wat aan my gestel word nie, want dit was alreeds bekend volgens getuienis in hierdie hof gedurende Juliemaand dat die huur verhoog gaan word en op die 5de was daar 'n vergadering gehou en na die vergadering van die 5de is daar aankondigings uitgestuur deur middel van kennisgewings dat die huur verhoog is.

Het u enige van die vergaderings wat in die wyke gehou was op 5 Augustus bygewoon? -- Nee.

So, u kan dan ook nie betwis dat daar vir die mense verduidelik was waarom die verhoogde huur noodsaaklik was (30)

nie/...

nie en dat die mense tevrede was om dit te betaal as hulle daardie dienste kry nie? -- Ek stem nie saam met wat u nou aan my stel nie want volgens Louw se getuienis, as ek nie fouteer nie, moes die kennisgewing aangaande die verhoging van huur alreeds uit gewees het by die dag van die 5de.

U weet glad nie wat op die vergaderings plaasgevind het wat die raadslede gehou het op die 5de nie? -- Behalwe wat hulle hier getuig het, nie, maar hulle het hier getuig.

Dan wil ek dit ook nog aan u stel dat die Raad het nog verder gegaan en in die kennisgewing het hulle ook aan (10) die mense die redes vir die verhoging duidelik gemaak, ver wysende na BEWYSSTUK AAQ19(i)? -- Kan ek daardie bewysstuk sien?

HOF : U ken mos die bewysstuk. Dit is 'n kennisgewing wat u gekry het van die Stadsraad se kant af, maar u kan maar daarna kyk. -- Ja, ek ken hierdie een. Wat is die vraag?

MNR. JACOBS : Ek sê die Raad en die Stadsraad het ook in hierdie kennisgewing die redes uiteengesit vir die huurverhoging? -- Ek stry nie daarmee nie, maar wat ek wel sê is dat as u na hierdie dokument kyk, BEWYSSTUK AAQ19(i) is (20) dit duidelik dat die mense alreeds 'n besluit geneem het, want die eerste sin op hierdie dokument maak dit duidelik dat dit alreeds in Juniemaand besluit was.

Dit is korrek, maar hulle het vir julle die redes gegee hoekom dit verhoog moet word? -- Ja, 'n mens moet eers met die gemeenskap praat en die gevoelens van die mense kry om in staat te wees om te kan bepaal of die mense nou finansieel in staat is om dit te bekostig.

En ek wil dit aan jou stel dat die Raad het dit gedoen maar jy was so antagonisties teen die Swart plaaslike (30)

besture/...

besture dat jy nie eers die moeite gedoen het om te gaan na die vergaderings wat die raadslede gehou het met hulle mense in hulle wyke om vas te stel wat is hulle behoeftes en hoe voel hulle oor verhogings nie? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het alreeds hier gesê ek is n man van vrede en tweedens, Sondag is die dag wat ek my werk moet uitvoer en pligte uitvoer. Dus hou ek dienste en doen die nodige wat gedoen moet word.

Impliseer jy met jou antwoord dat jy gaan nie na vergaderings toe op Sondaie nie? -- Ek praat in die tyd van (10) die dienste wat gehou word in die voormiddag.

In hierdie selfde kennisgewing, BEWYSSSTUK AAQ19 is dit ook duidelik dat die Raad het eintlik so ver gegaan het om die mense te help dat hulle n deel van die begrote koste gesubsidieer het? -- My antwoord daarop is ek weet nie, want ek gaan nie na die vergaderings van die Raad nie en hulle kan dit sê, maar ek kan dit nie bevestig nie. Ek weet nie daarvan nie. Selfs u is besig om die raadslede te ondersteun terwyl u niks eintlik meer weet van hulle nie.

Hoekom die aanval op my? -- Dit is nie n aanval nie. (20) Ek het hier vir die Hof vertel aangaande myself, wat hulle alles aan my gedoen het en wanneer. Volgens u sê u dit is nie die waarheid nie.

Ek wil dit dan aan u stel dat hierdie hele - die raadslede kon absoluut niks goeds doen in julle oë nie en daarom was daar georganiseer teen hulle om die mense in opstand te bring teen die Raad en die mense op n landswye basis in opstand te bring teen die Raadstelsel? -- Dit is nie die waarheid nie. Ek het alreeds hier vir die Hof gesê dat daar in my gemeente mense is wat op die Raad dien as raadslede. (30)

Nie/...

Nie net as lede van die gemeente nie, maar hulle dien in die kerkraad ook.

Op vergaderings wat deur jou beheer was, was hierdie kerkraadslede van jou, as ek die getuienis reg verstaan en hierdie lede van jou gemeente wat op die Raad dien, aan die gehoor voorgestel in die algemeen as "sell-outs", "puppets" van die Regering en ander skelname? En selfs ook honde, dat hulle die Regering se opdragte uitvoer? -- Ek het hier verduidelik wat gebeur het by ons vergaderings en wat die houding van die vergaderings was. Dit wat u nou sê en dit (10) wat u nou aan my gestel het, stem ek nie mee saam nie.

Ek stel dit aan jou dat hierdie raadslede wat jy nou so voorgee wat lede van jou kerk is, hulle is op vergaderings ingesluit by alle raadslede wat genoem was "puppets", wat genoem was "sell-outs", wat genoem was honde van die Regering wat hulle baas se opdragte uitvoer en jy het niks gedoen om dit te keer nie? -- Ek is daarvan bewus dat daar mense name genoem word hier en ek stem nie saam met die woorde wat hier genoem word dat die name op hierdie persone gebruik was nie en ek het dit hier duidelik gemaak dat dit nie die posisie (20) was nie en dit is duidelik volgens die transkripsie wat my houding was, wat my standpunt is, dat die dinge volgens die gereg gedoen moet word.

HOF : Het dit nie vir u n onmoontlike situasie op die kerkraad geskep as u n belangrike figuur is op n vergadering wat die kerk reël en op daardie vergadering word onder andere kerkraadslede gekritiseer nie en dit word in die kerk gesê dat daardie kerkraadslede uit hulle amp as raadslede moet bedank? -- Ja, ek verstaan dit, maar laat ons nou die vergadering in hierdie lig sien wat die verloop van die vergadering was/... (30)

was en wat die houding van die vergadering is. Daar is natuurlik altyd mense wat dinge bybring by enige vergadering wat eintlik nie op hierdie vergadering van toepassing is nie. So, op die manier moet mense daarop gewys word en opleiding gegee word hoe om dinge te doen by 'n vergadering.

Dit is nie wat ek aan u stel nie. Ek stel aan u dat van amptelike kant, dit wil sê nou van die sprekers wat aangewys is se kant was daar kritiek op die raadslede en daar was 'n mosie aanvaar in u kerk op u vergadering, u sê die vergadering is van kerkweë gereël, dat die raadslede moet (10) bedank. Daaronder val ook kerkraadslede. -- Daar was veronderstel gewees om 'n vergadering te hou na hierdie vergadering. Dit wil sê dit was 'n vergadering om verslag te doen aan die kerkraad. Dus na die verslag sou die kerkraad dan 'n opinie uitgespreek het wat hulle standpunt is na aanleiding van die verslag wat gedoen word. Eintlik sien ek dit nie as 'n vernedering van die Raad nie. Al wat ek sê is dat die mense het 'n beroep gemaak en in hierdie beroep het hulle 'n versoek gerig en die mense het toe gesê as daar nie gereageer word op die versoek wat hulle gerig het nie, sal hulle later (20) besluit wat gedoen gaan word.

MNR. JACOBS : Ek wil net een aspek nog met u behandel kortliks. Jy het vir die Hof gesê toe die Soweto Action Committee gestig is, moes hulle die werk van die Committee of Ten voortsit? -- Ja, ek hoor.

Ek wil aan u stel as u vir die Hof sê u weet nie wat die werk of die doeleindes van die Committee of Ten was wat julle moes voortsit nie, dan vertel jy 'n onwaarheid aan die Hof? -- Ek praat die waarheid. U moet nou onthou dit was nie vir 'n lang tyd gewees nie. (30)

Dit/...

Dit kan nie die waarheid wees nie, want as 'n mens gekies word in 'n aksiekomitee spesifiek om die werk van 'n ander liggaam voort te sit en uit te voer dan moet jy mos weet wat is die werk wat jy moet voortsit en wat jy moet uitvoer? -- Ja, ek het nie geweet wat eintlik alles die pligte was van die Committee of Ten nie. Ons moes eers gaan sit het en dit bestudeer het om kennis op te doen van wat gedoen moet word.

Moet 'n mens nie voordat jy so 'n aksiekomitee stig al weet wat is daar, dat daar 'n behoefte is vir 'n aksiekomitee(10) om voort te gaan daarmee voordat jy hom nog stig nie? -- Dit is nie altyd so dat 'n mens eers behoort te weet wat alles gedoen moet word alvorens hy 'n ander komitee stig nie. Wat gebeur is, byvoorbeeld as ek nou Kaapstad toe moet gaan en ek was nog nooit daar gewees nie, om te weet hoe om in Kaapstad uit te kom, sal ek na die kaart moet kyk om my pad te vind. Dus, dit is wat sou gebeur het daar.

Sal u saamstem dat die aksie wat die Committee of Ten daardie tyd mee besig was was om te aggiteer teen die verbanning van die verskillende organisasies en nou wil ek (20) dit stel Black Consciousness organisasies wat ondersteuners is van Black Consciousness wat toe verban is? -- Ek weet nie hoe u dit so aan my kan stel nie. Ek verstaan nie. Sal u dit asseblief vir my dit verduidelik, want ek het alreeds gesê ek was nie 'n lid van die Committee of Ten nie.

Die werk wat julle voortgesit het van die Committee of Ten en waarmee dit op daardie stadium besig was, was met aggitasie teen die verbanning van die Swartmagorganisasies die hele klomp van hulle en ook tydskrifte in die ban te doen.

HOF : Swartbewussyn.

(30)

MNR. JACOBS : Swartbewussyn en ondersteuende organisasies?

-- Nee, ek stem nie saam met die stelling nie. Die Committee of Ten het alreeds bestaan in die tyd wat hierdie organisasies van die filosofie van die Swartbewussyn verban is.

Is dit jou antwoord? -- Ja, ek sê die Committee of Ten het alreeds bestaan in daardie tyd van die verbanning en tweedens, ek het dit alreeds aan u verduidelik aangaande die "action committee".

Ek wil dit aan u stel toe u gearresteer was daar vir die optog, was die optog ook gehou in aggitasie teen die (10) verbanning van die Swartbewussyn ondersteunende organisasies?

-- Ek verstaan dit nie, want wat ek wel van weet is dat ons was predikante gewees. Ons het niks te doene gehad met hierdie organisasies wat aanhangers is van die Swartbewussyn nie.

Wat sê jy, hoekom het julle as predikante dan n optog gaan hou waarvoor jy gearresteer was? -- My antwoord daarop is dat ons het nie so opgetree omdat ons aan n organisasie behoort het nie. Ons het dit gedoen in die hoedanigheid van predikante.

Antwoord asseblief my vraag? -- Miskien het ek nie die (20) vraag verstaan nie. Herhaal die vraag?

My vraag aan jou is, wat sê jy is die rede hoekom het julle as predikante daardie optog gehou waarvoor jy gearresteer was? -- Dit het ons gedoen met die oog daarop om n beroep te doen wat in n dokument bevat was dat die leiers van die Swartmense vrygelaat moet word.

Watter leiers? -- Van hierdie organisasies wat in hegtenis geneem was.

As u nou praat van hierdie organisasies, is dit nou die organisasies wat Swartbewussyn ondersteun en wat toe (30)

verban is?

MR BIZOS : I think we have had this before. Can we not just refer to the organisations banned on 19 October 1977 because they were not only Black Consciousness organisations?

MNR. JACOBS : Goed, ek sal dit so aanvaar. Vir al die organisasies insluitende die Swartbewussynsorganisasies wat dit steun? -- Ja, maar ek verstaan nie hoekom u dit so aan my moet stel nie, want my verstandhouding van wat daar gebeur het was, ongeveer agtien of negentien organisasies was verban gewees en nie almal van hierdie organisasies (10) is van hierdie filosofie van die Swartbewussyn nie. Daar is ATASA en ander organisasies wat ook daar betrokke was.

HOF : ATASA? -- Nee, ek maak 'n fout met ATASA. Ek wou gesê het die onderwysers se organisasie wat daar betrokke was. Ek weet net nie wat die naam is nie. The Christian Institute, iets soos dit en nog ander organisasies, maar dit is nie 'n kwessie van dat al hierdie organisasies BC organisasies was nie.

MNR. JACOBS : Destyds was dr. Motlana die voorsitter van die Committee of Ten? -- Ja. (20)

Was hy ook in aanhouding gewees tydens toe julle die Soweto Action Committee gestig het? -- Ja, maar kyk, wat daar gebeur het was, dit was net 'n gedagte gewees van mense dat daar 'n komitee gestig moet word wat bekend moet staan as Action Committee wat dan as opsigters sou opgetree het, maar daar was nog nie 'n grondwet gewees nie. Dus dit was net 'n gedagte gewees, al was daar 'n "steering committee" gewees.

Ek dink nou maak jy bietjie 'n fout. Daar was 'n komitee gekies. Dit het nie net by 'n gedagte gebly nie. Daar (30)

was/...

was h komitee gekies? -- Ja, dit is mos wat ek sê as ek praat van h "steering committee".

En dr. Motlana, ken jy hom goed? -- Hoe goed?

Ek vra vir jou? -- Ek ken hom as dr. Motlana.

Ken jy hom goed of ken jy hom nie goed nie? -- Nee, u moet eers vir my beskryf wat bedoel u met goed.

HOF : Nee, antwoord die vraag. -- Ek ken hom as dr. Motlana.

MNR. JACOBS : Jy is nie bereid om vir ons te sê jy ken hom òf goed òf nie goed nie? -- Ek ken hom as dr. Motlana van Soweto wat h mediese praktisyn is in Soweto. (10)

HOF : Uit die koerant uit? -- Ja.

Is dit al? -- Ek was al by sy spreekkamers gewees waar ek die kinders heen geneem het. Toe die Action Committee nou daar tot niet verklaar was, het ek hom ontmoet.

MNR. JACOBS : Ken jy hom persoonlik? -- Ek ken hom op hierdie manier soos ek alreeds beskryf het op daardie distansie.

En jy het ook geweet dat hy in die tyd van Mandela saam met Mandela was, hulle was lede van Youth League van die ANC? -- Nee, as u praat van die kennis wat h mens het, moet (20) u dit verduidelik, of dit nou die kennis is wat h mens van gelees het en of dit die kennis is dat h mens dit persoonlik gesien het of dat die persoon iewers saam met jou was.

HOF: Waarom sê u nie "Ja, ek het dit geweet, maar ek het dit êrens gelees" nie? Dan is die antwoord klaar. Hoekom moet ons so sukkel? -- Ek het gesê my kennis het ek opgemaak as gevolg van lees. Nou wil die advokaat hê ek moet sê watter kennis ek wanneer opgedoen het.

MNR. JACOBS : Is dit jou antwoord op my vraag? Gaan jy hom nie antwoord nie? -- My antwoord op die vraag is ek (30)

het/...

het so gelees.

RE-EXAMINATION BY MR BIZOS : Father Moselane, at the time of 12 August 1984 after the meeting was held in your church, were there any of the wardens of your church present at the meeting of the 12th as far as you remember? -- Yes.

Did anyone of them complain about how this meeting was conducted or any of the decisions that were taken there? -- No, none.

Did they ever complain about any of the other meetings or the manner in which any of the other meetings were (10) conducted? -- No.

Did any of your wardens attend the other meetings, that is the 19th, the 26th or the 2nd? -- Yes, they were present at these meetings including the parish councillors. They were also present.

COURT: Will you differentiate for me between a parish councillor and a warden? I have forgotten by this time.-- A parish council is made out of a certain number of people. As I said earlier in my evidence that our parish council in Sharpeville was with a membership of sixteen of which (20) were three church wardens. Of the sixteen members which are forming the parish council, three are church wardens and then from the sixteen we have these portfolios. The secretary is just an ordinary member of the parish council, the treasurer, myself. We form the executive.

MR BIZOS : I myself was not very clear and for that reason I will repeat one of my questions with a slight variation. Were the members of the church council present? -- Yes.

We also know from the various exhibits that some publicity was given to these meetings and the decisions (30) were/...

were made known in the newspaper reports? -- Yes.

Did any member of the church council come to you during August or the very beginning of September 1984 and complained to you about the purpose for which the church was being used at these meetings? -- No.

From the other aspect as a result of this publicity, did either your archdeacon or dean or bishop complain to you about the youth of the church for the purposes published? -- No.

I think you did answer this this morning, but I just (10) want absolute clarity on it. The call for the resignation of the councillors, was that an unconditional call for resignation or a conditional call for resignation? -- It was a call made with some conditions that on condition that the rent is not increased, they do not resign. Otherwise the call is that they should resign.

COURT : I understood the chairman, Mr Hlubi, at the meeting of the 26th to say that we decided that we do not want any councillors at all? -- That is true, that is correct, but with the condition that a request is being made that the (20) rent should not be increased.

MR BIZOS : Was that a decision on the meeting of the 12th? -- Yes.

And as far as you were concerned, was that decision never changed? -- No, it was not.

You told us that at the meeting of the 12th Mr Nkabinde was there? -- Yes.

The newspaper person. -- Yes.

It appears in his report that he refers to an Anti-rent committee? -- Yes.

(30)

Did/...

Did you give him this name? -- No.

Did you have any strong objection to being called an anti-rent committee? -- No, I did not. What I can add to that is that it is not me who gave him that name. He himself decided on that.

And I also see in various reports that you are sometimes called an ad hoc committee, you are sometimes called a chairman and you are sometimes called the acting chairman. Did you give any of these persons any of those offices? -- No, did not. (10)

Reference was made to document AAQ19 where there is at the obverse side, the second made of it, a - is it still there, where they refer to salaries? -- Yes, I have got it.

Where it says that part of the increase is for salaries, did any - how was that understood by you or other people as far as you know?

COURT : Will you put the question in two parts. I would like to know what he understood by it, not what others understood by it, unless he knows.

MR BIZOS : How did you understand that reference to salaries? -- I understood it to mean that there was going to be some increment on the salaries of the councillors. (20)

COURT : But that states maintenance and upkeep of roads? -- But there is something written about increased salaries and miscellaneous.

It states "Account." There are three accounts mentioned. The water, electricity and other services account, maintenance and upkeep of roads account and the capital account. There are increases in those accounts. The reason for the increase is given in the case of water, electricity and other services, (30) increased/...

K790

increased prices and maintenance costs. In the case of the account maintenance and upkeep of roads, increased salaries, vehicle costs and miscellaneous expenses. How could you connect the increase of salaries of councillors to the maintenance and upkeep of roads account? -- What I mean is that I understood it to mean that there was going to be some increment on salaries.

Of whom? -- Of the employees of the council, the council itself? -- That is what I understood it to be.

Of the employees of the council or of the council or (10) of both? -- Of both.

On what do you base that? -- Face value on what is written there, there is going to be an increase on the salaries. That is just raw as it is put there. That is what I took it to be.

MR BIZOS : Do you know whether you were alone in this perception, whether it was correct or not, during August 1984? -- No, it was not myself only. Other people as well were thinking in that line.

COURT : Did you discuss with anybody the meaning of item 2(20) on the back part or AAQ19, maintenance and upkeep of roads, increased salaries? -- Yes, with the members of my parish.

When? -- During that month when they came to my residence or at times when I had gone out visiting them.

MR BIZOS : Do you recall whether after the meeting of the 19th you had any discussions with Mr Raboroka, the newspaper man? -- I cannot recall having anything to discuss with Raboroka.

Do you recall whether you told Raboroka, whether or not any of the people ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei) (30)

MNR. JACOBS : Maar die getuie het dan gesê hy kan nie onthou dat hy n "discussion" gehad het met hom nie.

MR BIZOS : But that is general, I want to put it specific.

COURT : Well, are you leading something? Did he speak to Raboroka? If he did not, he could not have told him anything.

MR BIZOS : No, he said "I do not remember whether I spoke to Raboroka." In order to make absolutely sure ... (Court intervenes)

COURT : Let us just get clarity on the answer. Did you or (10) did you not speak to Raboroka after the meeting of 19 August? -- I cannot recall that.

MR BIZOS : Do you recall whether or not you told him in what capacity or capacities any of the persons who spoke there were there? -- No.

Did you follow what accused no. 1 had to say at the meeting of the 19th well? Did you follow it well? -- No.

Any reason for that? -- The reason being that the Xhosa he, accused no. 1, spoke, I did not understand.

You have already told us that you were not present at (20) the commencement of the meeting of the 26th? -- Yes.

Do you know whether it started on time? -- No, I do not know.

Or precisely when it might have finished?

COURT : When it might have finished?

MR BIZOS : When it did finish.

COURT : Was he not there when it finished?

MR BIZOS : No, no, I am sorry, and precisely at what time it finished? -- No, I do not know.

Was the meeting of the 2nd a long meeting, 2 September (30)

1984? -- No.

Was there any special reason for that? -- Yes.

What was it? -- Because I was supposed to have gone to Johannesburg to attend a synod. It was the opening of the synod.

The meeting of councillors on 5 August, we can work out that it was a Sunday, do you know at what time the meeting of the councillors was held on the 5th? -- What I know is, it was before noon.

What do you do before noon on Sundays? -- I am then (10) doing services.

It was put to you yesterday that you refused to lay a charge against anybody ... (Court intervenes

COURT : In connection with what?

MR BIZOS : In connection with the events of the 3rd, the night of the 3rd?

MNR. JACOBS : Ek glo nie dit is heeltemal korrek gestel nie. Ek dink die stelling was gemaak dat hy het geweier om 'n formele verklaring te maak vir die opening van 'n dossier.

MR BIZOS : The record will speak for itself, but I can under-(20)stand My Learned Friend's concern.

MNR. JACOBS : Dit is belangrik dat die regte dinge aan die getuie gestel word as mnr. Bizos wat ek aan hom sou gestel het nou wil gebruik in herverhoor. Dit is nie 'n kwessie van "the record will speak for itself" nie. Die korrekte stellings moet gemaak word.

HOF : Daar is gestel, mnr. Bizos, no formal statement was made. He refused to make a formal statement for the purpose of opening a docket.

MR BIZOS : Did you deliver this? -- Yes. (30)

To/...

To whom did you deliver it? -- Captain Horn.

Did you personally deliver it to him? -- Yes.

After you delivered it to him, did you see him again?
-- No. I handed this over to him on a Friday and I was
detained the Sunday.

I want to refer you to paragraphs 13 and 14 of DA12.
"I according hereby lay a charge of assault and malicious
injury to property against the parties responsible and
request the South African Police to investigate the matter
so that criminal proceedings can be instituted. I appreciate(10)
the concern of the Minister of Police in referring the matter
to you for investigation. I have shown Captain Horn the
damage to my house and my property. I request that active
steps be taken by the police to repair the damage or to com-
pensate me. In the hope that something positive will be
done, I do not propose at this stage to send any formal letter
of demand to the police." Did Captain Horn perhaps ever
come to you after this and say "Well, even at the direction
of the Minister of Police we cannot accept a complaint in
this form"? (20)

COURT : Why do you ask this question? The answer is Captain
Horn never came back. So, you have got your answer.

MR BIZOS : Thank you, My Lord, I have no further questions.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : By die vergadering tussen lede van
die Raad, amptenare van die Raad en die predikante op 8
September was daar getuienis onder andere van brigadier
Viljoen dat een van die punte wat bespreek was, het te doen
gehad met n eis, as ons dit so kan stel dat huur verminder
moet word? -- Ja, dit is wat ek onthou wat daar gebeur het.

Wie se voorstel was dit dat die huur verminder moet (30)

word/...

word? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar dit was een van die mense saam met wie ons daar was, die verteenwoordigers.

Was die voorstel ooit by 'n vergadering met die gemeenskap bespreek? -- Wanneer nou? Op watter stadium?

Wel, voor die vergadering van 8 September? -- Ek weet nie.

U het in antwoord op mnr. Bizos netnou maar gesê dat by die vergadering van die 12de is besluit dat huur nie verhoog moet word nie en daardie besluit is nooit verander nie? -- (10)
Ja.

Wat was die eis, tot watter bedrag moet die huur verminder word? -- Wat ek nog onthou wat ek gehoor het by hierdie vergadering van 8 September waar melding gemaak is aangaande die vermindering van huur, was die voorstel dat die mense van die Vaal se huur is heelwat hoog en dus was daar 'n voorstel gewees dat dit afgebring moet word. Dit wil sê verminder word na 'n bedrag. Ek onthou dat daar R40,00 gemeld was in hierdie voorstel en ook 'n bedrag van R30,00 was gemeld.

Dit was by daardie vergadering genoem, R30,00 ook? -- (20)
Ja.

